

# **GEDRAGSKODE EN SKOOLREËLS**

## **Hersien April 2019**

### **1. DOELSTELLINGS VAN SKOOL**

- 1.1 Om gehalte-onderwys aan leerders te voorsien.
- 1.2 Om kragtens die bepaling van Artikel 5 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (“die Skolewet”), leerders toe te laat en in hul opvoedkundige behoeftes te voorsien sonder om op enige wyse te diskrimineer.
- 1.3 Om kragtens die bepalings van Artikel 6 van die Skolewet geen vorm van diskriminasie toe te laat in die uitvoering van die skool se taalbeleid nie.
- 1.4 Om kragtens die bepalings van Artikel 7 van die Skolewet geloofsbeoefening by die skool op 'n billike en regverdigte wyse te laat geskied en om bywoning daarvan deur leerders en personeellede op 'n vrywillige grondslag te laat plaasvind.
- 1.5 Om die skoolfonds, alle opbrengste daaruit en alle ander bates van die skool slegs te gebruik ooreenkomstig die bepalings van Artikel 37 van die Skolewet.
- 1.6 Om finansieel sodanig te funksioneer dat die skool sy verpligtinge sal kan nakom.
- 1.7 Om die gemeenskap te dien deur leerders sodanig voor te berei dat hulle as goed opgevoede persone hulle plek in die gemeenskap sal kan inneem.
- 1.8 Om aan die personeel van die skool die geleentheid te bied om professioneel te groei, werksbevreëdiging te kry en sodoende onderwys van hoogstaande gehalte te lewer.
- 1.9 Om 'n bydrae te lewer tot die bevordering van sport en kultuur in die algemeen, maar in besonder om sport- en kultuurbedrywighede as opvoedingsgeleenthede te benut tot voordeel van die leerders in die skool.
- 1.10 Om uitvoering aan die leuse en missie van die skool te gee.

### **2. BASIESE VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS**

- 2.1 Om alle klasse getrou by te woon, behalwe in geval van 'n wettige mediese verskoning of weens familieverpligtinge of met uitdruklike vooraftoestemming van die skoolowerheid.
- 2.2 Om die werkprogram te volg wat deur die onderwysowerheid bepaal is, asook die praktiese reëlings wat deur die skool bepaal word.
- 2.3 Om saam te werk sodat onderrigaktiwiteite ordelik tot almal se voordeel kan geskied.
- 2.4 Om alle opdragte/voorskrifte t.o.v. eksamens, toetse en tuiswerk met trots na te kom en betyds uit te voer.
- 2.5 Om deurgaans eerlik en deursigtig op te tree.
- 2.6 Om aktief aan die buitemuurse program van die skool deel te neem.
- 2.7 Om met respek teenoor mede-leerders, opvoeders, personeel en lede van die publiek op te tree.
- 2.8 Om te alle tye waardig op te tree.
- 2.9 Om mekaar se eiendom, die skoolgebou, -toerusting en -terrein te respekteer.
- 2.10 Om die gesag van diegene wat oor ons aangestel is te eerbiedig.

- 2.11 Om die nasionale simbole en die simbole van die skool te eerbiedig.
- 2.12 Om enige dissiplinêre stappe in ooreenstemming met die Gedragskode en die landswette te ondersteun.
- 2.13 Om ons van enige diskriminasie op grond van geloof, taal, etnisiteit, geslagsoriëntasie of enige ander grondslag soos uiteengesit in die Grondwet van ons land te weerhou.
- 2.14 Om alle maatreëls te aanvaar om hulself, medeleerders en personeel te vrywaar van moontlike HIV-besmetting (Nasionale Onderwyswet, 27 van 1996).
- 2.15 Om ons van enige vorm van afknouery te weerhou.

### **3. GEDRAGSKODE**

Die Hoërskool Stellenberg (leerders, onderwysers en ouers) streef daarna om die volle potensiaal van elke betrokke te ontwikkel sodat ons vir mekaar, ons gemeenskap en ons land tot voordeel kan wees. Om dit te kan verwesenlik, is ons afhanklik van mekaar, ondersteun ons mekaar en laat ons ons lei deur die waardes en norme wat deur ons gesamentlik geïdentifiseer is.

#### **3.1 Inleiding**

- Die gedragskode word aanvaar ingevolge Artikel 8 van die Skolewet.
- Elke leerder is verplig om die gedragskode van die skool na te kom.
- Die gedragskode bepaal die proses wat gevolg moet word wanneer 'n leerder betrokke is by dissiplinêre optrede.

#### **3.2 Norme**

Die norme en waardes van die skool is gebaseer op die inagneming van en sensitiwiteit teenoor alle mense.

#### **3.3 Waardes**

**Geloof**

**Integriteit**

**Verantwoordelikheid**

**Uitnemendheid**

#### **3.4 Visie**

Die skool streef daarna om 'n sentrum van uitnemendheid te wees deur:

- in die voorste geledere van beide fisiese en akademiese onderwys-opvoeding te beweeg;
- betekenisvolle diens aan die gemeenskap te lewer;
- toegewyd aan die bevordering en ontwikkeling van al sy leerders en opvoeders te wees.

## 4. SKOOLREËLS

### 4.1 GEDRAG IN SKOOLGEBOU EN OP SKOOLTERREIN

4.1.1 Geen gedrag wat ander mag benadeel, word toegelaat nie. Dit sluit die volgende in, maar is nie beperk tot:

- intimidasie (fisiek, verbaal of emosioneel);
- diskriminasie (taal, kapasiteit, etnisiteit, seksuele oriëntasie of geloof) ;
- viktimisasie;
- afknouery (verbaal, fisiek en emosioneel) nie.

4.1.2 Orde word in alle klaskamers gehandhaaf met die nodige respek vir die gesag van die opvoeder.

4.1.3 Beweging in die gange geskied ordelik.

4.1.4 Die volgende is **buite perke** vir leerders, behalwe onder toesig van 'n onderwyser of gemagtigde:

- kleedkamers vir volwassenes (skoolsaal en aktiwiteitsentrum)
- die skoolsaal en aktiwiteitsentrum
- die personeelkamer
- die ingang by die trap in Panoramarylaan
- die personeelwerkkamer
- die hoofingang vanaf 07:30 tot 15:00
- die skure van die werkers
- die personeelparkeerareas
- die klippieswal langs die C-blok
- C-rugbyveld en B-hokkieveld (B-krieketveld)
- dadelbome, tennisbane en krieketnette
- die area tussen die A-rugbyveld en omheining
- die hokkies waar die gassilinders geïnstalleer is (vierkant AB)
- die gedeelte van die skoolterrein tussen Mountain Viewrylaan en die tegnologiekompleks, rondom die administratiewe blok en die mediasentrum
- die funksielokaal
- die gimnasium, rekkegimnasium en hindernisbaan
- die tennishuisie
- die Astrobaan

4.1.5 Kafeteria

Leerders mag **nie** die kafeteria tydens klastyd besoek nie. (Selfs nie namens opvoeders nie.) Gewone skoolreëls in verband met gedrag moet nagekom word by die kafeteria.

#### 4.1.6 Kleedkamers en toilette

Geen fisiese kontak of onnodige getalm word in die kleedkamers en/of toilette toegelaat nie.

#### 4.1.7 Algemeen

Die volgende word **nie** toegelaat op die skoolterrein nie, ook nie wanneer leerders die skool verteenwoordig of geklee is in skooldrag nie:

4.1.7.1 Fisiese kontak (hande vashou, hang, klou, soen) tussen leerders en/of leerders en persone van buite

4.1.7.2 Rook van enige middel, besit, handeldryf en/of gebruik van alkohol en/of verbode/onwettige dwelms of middels

4.1.7.3 Besit en/of verspreiding van pornografiese materiaal in enige formaat

4.1.7.4 Vandalisme en rommelstrooiery

4.1.7.5 Gebruik van vuiltaal en/of vloekery

### 4.2 AANMELDPROSEDURE EN KLASWISSELING

4.2.1 Leerders neem te alle tye eie verantwoordelikheid vir hul tasse en besittings.

4.2.2 Leerders moet onmiddellik flink en ordelik beweeg sodat hulle voor die lui van die tweede klok in hulle volgende klasse is.

4.2.3 Klaskamers moet ordelik betree word.

4.2.4 Daar word van leerders verwag om stilte te handhaaf tydens interkomafkondigings.

4.2.5 Leerders mag slegs buite die klas wees met toestemming van die verantwoordelike opvoeder of bestuurslid.

### 4.3 ALGEMENE VOORKOMS

Leerders se voorkoms moet te alle tye aan algemeen-aanvaarde standaarde van sindelikeheid, netheid en styl, soos wat by 'n skooluniform pas, voldoen. Leerders en hulle ouers/voogde onderneem om die volgende voorskrifte na te kom:

#### 4.3.1 SEUNS

##### 4.3.1.1 SKOENE

- Slegs effekleurige, swart leerskoene; geen stewels en geen gespes nie
- Skoon en blink gepoleer te alle tye
- Veterskoene se veters moet vasgemaak en heel wees.

##### 4.3.1.2 SOKKIES EN KOUSE

- Slegs grys skoolsokkies (standaard lengte) en opgetrek te alle tye.

##### 4.3.1.3 LANGBROEK

- Grys skoolbroek, standaardwydte. (geen noupassende pype nie)
- Langbroeke moet op normale heuphoogte gedra word. Geen heupbroeke word toegelaat nie. Korrekte grootte.

#### 4.3.1.4 **LYFBAND**

- Eenvoudige swart of grys lyfbande móét by langbroeke gedra word.
- Geen uitspattige gespes nie.

#### 4.3.1.5 **KORTBROEK**

- Standaard grys skoolkortbroek, standaardlengte
- 'n Langbroek wat in 'n kortbroek verander is, is nie toelaatbaar nie.
- 'n Oormatige stywe kortbroek is nie toelaatbaar nie.
- Korrekte grootte

#### 4.3.1.6 **HEMP**

- Standaard wit skoolhemp
- Langmouhemp met das
- Oopnek-kortmouhemp met standaard skoolwapen.
- Indien 'n seun 'n dashemp dra, moet hy ook 'n das dra.

#### 4.3.1.7 **DAS**

- Voorgeskrewe skooldas, netjies geknoop, standaard lengte tot by lyfband en vasgetrek tot teenaan kraag

#### 4.3.1.8 **SKOOLTRUI**

- Mag sonder skoolbaadjie gedra word.
- Moue mag nie opgerol/opgestoot word nie.
- Korrekte grootte
- Truie moet te alle tye heel en netjies wees.

#### 4.3.1.9 **MATRIEKTOPS**

- Matriektops mag nie onder die skoolbaadjie gedra word nie.
- Matriektops mag nie tydens 'n saalbyeenkoms en/of amptelike funksie gedra word nie.
- Volle skooldrag moet onder die matriektop gedra word.

#### 4.3.1.10 **BAADJIE**

- Moue mag nie opgerol of opgestoot word nie.
- Moet alle knope aanhê.
- Verpligtend tydens saalbyeenkomste en amptelike funksies.

#### 4.3.1.11 **WINTERSDRAG**

- Grys skoolbroek (langbroek of kortbroek)
- Langmouhemp met skooldas (boonste knoop moet te alle tye vas wees)

- Grys skoolsokkies
- Lyfband
- Skoene
- Vlootblou handskoene (opsioneel)

#### 4.3.1.12 **SOMERSDRAG**

- Grys skoolbroek (langbroek of kortbroek)
- Langmouhemp met skooldas  
Boonste knoop moet te alle tye vas wees.  
Moue van langmouhemde mag opgerol word.  
OF  
Oopnek-kortmouhemp met skoolwapen  
Oopnekkraag omgeslaan bo-oor baadjie
- Hemde moet te alle tye netjies ingesteek wees.
- Grys skoolsokkies
- Lyfband
- Skoene
- Toegewing : Wintersdrag mag ook in die somer gedra word.

#### 4.3.1.13 **HARE** (Riglyn : Hare van 6cm en langer word as lang hare beskou.)

- Hare moet skoon en netjies gekam wees.
- Geen oormatige haarstileermiddels.
- Slegs natuurlike kleur.
- Hare mag nie oor die bopunt van die oor hang nie.
- Hare bo-op die kop en kante moet kort wees en die profiel van die leerder se kop volg.
- Haarlengte moet geleidelik oorgaan vanaf die kante na bo.
- Kuif mag nie aan wenkbroue raak nie.
- Mag nie aan die kraag van die hemp raak of oor die kraag hang nie.
- Seuns mag nie hulle hare vleg of draai nie.
- Geen "mohawks", "mulletts" en "undercuts" nie.
- Geen verlengstukke word toegelaat nie.
- Haarstyle: geen uitspattige haarstyle.
- Geen ingesnyde paadjies word toegelaat nie.

#### 4.3.1.14 **GESIGSHARE**

- Wangbaarde slegs tot middel van oorgat.
- Snorre word nie toegelaat nie.
- Skoongeskeer by die skool of wanneer in skooldrag geklee.

#### 4.3.1.15 **NAELS**

- Kort en skoon
- Geen naelpolitoer

#### 4.3.1.16 **GRIMERING**

- Nie toegelaat nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie.

#### 4.3.1.17 **TATOEËERING**

- Geen tatoeëring of enige ander liggaamskuns mag sigbaar wees by die skool nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word nie, tydens sportoefeninge, wedstryde en skoolfunksies/-aktiwiteite nie, of wanneer skooldrag (insluitend sportdrag) gedra word nie.

#### 4.3.1.18 **JUWELIERSWARE**

- Slegs polshorlosies word toegelaat.
- Standaard "Medic Alert"-kentekens word toegelaat.
- Geen sigbare liggaamsjuweliersware ("piercings") word toegelaat nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie.
- Slegs amptelike wapentjies ("badges"), een per aktiwiteit vir huidige skooljaar, word op die uniform toegelaat.

#### 4.3.1.19 **T-HEMDE EN FROKKIES**

- Slegs wit, effekleurige frokkies of T-hemde mag onder hemde gedra word.
- Dit mag nie by die hemp of die nek van die hemp uitsteek nie.

#### 4.3.1.20 **BOEKSAKKE, SKOOLTASSE EN SPORTSAKKE**

Geen aanstootlike woorde of onweloweglike prente/frases op hierdie items nie.

#### 4.3.1.21 **CIVVIE-DAE**

- Geen seksueel-uitlokkende of onweloweglike kleredrag word toegelaat nie.
- Hemde moet gedra word.
- Skoene of sandale moet gedra word.
- Leerder moet 'n sindelike, netjiese en skoon voorkoms hê.
- Normale voorkomsreëls geld t.o.v. hare, baard, naels, tatoeëring, grimering, juweliersware, frokkies en hoofbedekkings.

## 4.3.2 **DOGTERS**

### 4.3.2.1 **SKOENE**

- Slegs formele, effekleurige, swart skoolskoene van gladde leer word toegelaat.
- Skoon en blink gepoleer.
- Amptelike waterstewels mag slegs tydens sportbyeenkomste in die winter gedra word.

### 4.3.2.2 **SOKKIES**

- Wit, omgeslaan tot net bo enkelknop.

### 4.3.2.3 **ROK**

- Roklengte: 2 - 10 cm bo die knie
- Die standaard A-patroon moet gehandhaaf word.
- Soom moet behoorlik ingewerk wees.
- Ritssluiters te alle tye toe.

### 4.3.2.4 **HEMP**

- Standaard wit skoolhemp
- Langmouhemp met das
- Oopnek-kortmouhemp met of sonder skoolwapen
- Indien 'n dogter 'n dashemp dra, moet sy ook 'n das dra.

### 4.3.2.5 **DAS**

- Voorgeskrewe skooldas, netjies geknoop en vasgetrek tot teenaan kraag.

### 4.3.2.6 **BAADJIE**

- Moet alle knope aanhê.
- Moue nooit opgestoot of opgerol nie.
- Verpligtend tydens saalbyeenkomste en amptelike byeenkomste.

### 4.3.2.7 **SKOOLTRUI**

- Mag sonder die baadjie gedra word.
- Moue nie opgerol/opgestoot nie.
- Korrekte grootte
- Truie moet te alle tye heel en netjies wees.

### 4.3.2.8 **LANGBROEK (Damessnit)**

- Grys skoolbroek, standaardwydte (geen noupassende pype nie).
- Langbroeke moet op normale heuphoogte gedra word. Geen heupbroeke word toegelaat nie. Korrekte grootte.



#### 4.3.2.9 **MATRIEKTOP**

- Mag nie onder die skoolbaadjie gedra word nie.
- Mag nie tydens 'n saalbyeenkoms en/of amptelike funksie gedra word nie.
- Die volle skooluniform moet saam met die matriektop gedra word.

#### 4.3.2.10 **WINTERSDRAG**

- Skoolrok
- Langmouhemp met 'n das (boonste knoop te alle tye vas)
- Vlootblou broekie kouse  
Vlootblou sokkies mag onder kouse gedra word.
- Skoene
- Vlootblou handskoene (opsioneel).

##### **WINTERSDRAG (Met langbroek)**

- Grys skool-langbroek (damessnit)
- Langmouhemp, ingestek, met 'n das (boonste knoop te alle tye vas)
- Grys skoolsokkies
- Skoene
- Vlootblou handskoene (opsioneel)

#### 4.3.2.11 **SOMERSDRAG**

- Skoolrok
- Oopnek-kortmouhemp met of sonder skoolwapen of dashemp
- Oopnekkraag omgeslaan bo-oor baadjie.
- Indien 'n dogter 'n dashemp dra, moet sy ook 'n das dra.
- Moue van langmouhemde mag opgerol word.
- Wit sokkies
- Skoene
- Toegewing : Volle wintersdrag mag ook in die somer gedra word.

##### **SOMERSDRAG (Met langbroek)**

- Grys skool-langbroek (damessnit)
- Oopnek-kortmouhemp (damessnit) met skoolwapen, word nie ingestek nie.
- Indien 'n dogter 'n trui dra, moet die hemp ingestek wees.
- Oopnekkraag omgeslaan bo-oor baadjie
- Grys skoolsokkies
- Skoene
- Toegewing : Volle wintersdrag mag ook in die somer gedra word.

4.3.2.12 **HARE** (Riglyn: Hare wat raak aan onderkant van kraag raak, word as lang hare beskou.)

- Hare moet skoon en netjies gekam wees.
- Geen oormatige haarstileermiddels.
- Lang hare: alles moet vasgemaak en uit die gesig wees, insluitend verlengstukke.
- Haarlengte mag nie heuphoogte oorskry nie.
- Hare wat lank genoeg is om vas te maak, moet vasgemaak word.
- Verlengstukke: Toegelaat mits in die natuurlike haarkleur van die leerder.
- Kuiwe moet vasgesteek word dat dit nie aan die wenkbroue raak nie.
- Haarslierte: vasgesteek
- Geen "mohawks", "mullets" en "undercuts" nie.
- Knippies: silwer, goud, bruin, swart of wit
- Haarbykomstighede: Slegs amptelike skoolkleure en haarbande nie breër as 30 mm.
- Haarkleur: slegs 'n natuurlike haarkleur
- Haarstyle: geen uitspattige haarstyle
- Geen versierings

4.3.2.13 **NAELS**

- Skoon en mag nie oor die vingerpunte sigbaar wees vanaf die handpalms nie, met inagneming van 'n hoë naelbed.
- Kleurlose naellak word toegelaat.

4.3.2.14 **GRIMERING**

- Geen grimering mag skool toe gedra word nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie.
- Met toestemming van die graadvoog, mag onderlaag wel matig gebruik word.
- Geen vals wimpers word toegelaat nie.

4.3.2.15 **TATOEËRING**

- Geen tatoeëring of enige ander liggaamskuns mag sigbaar wees by die skool nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word nie, tydens sportoefeninge, wedstryde en skoolfunksies/-aktiwiteite nie, of wanneer skooldrag (insluitend sportdrag) gedra word nie.

4.3.2.16 **KOUSE**

- Vlootblou broekiekouse

4.3.2.17 **JUWELIERSWARE**

- Slegs polshorlosies
- Standaard "Medic Alert"-hangertjie of armband

- Geen sigbare liggaamsjuweliersware (“piercings”) word toegelaat nie, ook nie wanneer die skool verteenwoordig word of wanneer die skooluniform gedra word nie. Uitsonderings vir ore soos hieronder beskryf:
- Onversierde goue of silwer "sleepers" (1 cm deursnee) word toegelaat.
- Goue, silwer, diamant/helder kristal of pèrel rondeknoopies ("studs") word toegelaat – maksimum 6mm in deursnit.
- Slegs een per oor in oorlel
- Geen ontoelaatbare wapentjies (“badges”) word toegelaat op die skooluniform nie.

#### 4.3.2.18 **LYCRA BROEKE**

- Toelaatbaar onder skooluniform.
- Mag nie uitsteek nie.

#### 4.3.2.19 **BOEKSAKKE EN SKOOLTASSE**

- Geen aanstootlike woorde of onweloweglike prente/frases op hierdie items nie.

#### 4.3.2.20 **CIVVIE-DAE**

- Geen seksueel-uitlokkende of onweloweglike kleredrag word toegelaat nie.
- Maag moet bedek wees.
- Skoene of sandale moet gedra word.
- Leerder moet te alle tye ‘n sindelike, skoon en netjiese voorkoms hê.
- Gewone voorkomsreëls ten opsigte van juweliersware en tatoeëring geld.
- Roklengte moet aan dieselfde standaard as dié van die skooluniform voldoen.
- Slegs kortbroeke met ‘n langer pyp is toelaatbaar.
- “Leggings” mag slegs gedra word met ‘n langer top wat die sitvlak bedek.

#### 4.3.3 **SPORTKLERE**

Die spesifieke voorgeskrewe sportdrag moet gedra word.

##### **LO SPORT (verkrygbaar by die klerebank)**

- Wit T-hemp met skoolwapen
- Vlootblou “quantec” kortbroek sonder skoolwapen

#### 4.3.4 **DIE VOLGENDE ALGEMENE REËLS GELD DEURGAANS:**

- Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees.
- Die kleredrag voorgeskryf vir die onderskeie sportsoorte is verpligtend.
- Die dra van 'n skoolbaadjie en 'n das is verpligtend by spesiale geleenthede.
- Wanneer skooldrag gedra word, bv. vir bywoning van sportwedstryde, moet dit volledig wees en nie met siviele drag gemeng word nie, tensy spesiale toestemming verleen is.
- Reënjasse en reënbaadjies moet uitgetrek word voor betreding van die skoolgebou.

- Versoeke vir enige afwyking tydens skoolure van die voorkoms- of kleredragvoorskrifte moet vooraf skriftelik by die graadvoog ingedien word.
- Om veiligheidsredes mag geen leerder tydens skoolure in siviele drag op die skoolterrein of in die skoolgebou verskyn nie. Die enigste uitsondering geld vir voorafgereelde civvie-dae.
- Geen sportskoene mag saam met formele skooldrag gedra word nie. Indien ander skoene gedra moet word, moet die leerder 'n skoolsweetpak aantrek. 'n Voorkomskaartjie sal slegs uitgereik word deur die graadvoog met ontvangs van 'n verskoningsbrief vanaf die ouer/voog.
- Die winteruniform mag in die somer gedra word mits dit die volledige uniform is.

#### 4.3.5 **TOEGEWINGS TYDENS DIE WINTERSEISOEN (Kwartaal 2 en 3):**

- Slegs die vloodblou kombersies, wat by die klerebank te koop is, mag in die klaskamer gebruik word om leerders se bene warm te hou.
- Slegs die amptelike Stellenberg-reënbaadjie mag binne die gebou gedra word.
- Die amptelike Stellies waterstewels mag by die skooluniform gedra word tydens sportbyeenkomste.
- Slegs amptelike skoolserpe word toegelaat.

Hierdie toegewings kan te enige tyd opgeskort word.

#### 4.4 **HANDBOEKE EN SKRYFBOEKE**

4.4.1 Hou handboeke netjies en hanteer met sorg.

4.4.2 Elke leerder moet sy/haar naam, graad en klasseksie met ink voor in elke handboek en op alle skryfboeke skryf.

#### 4.5 **WAARDEVOLLE EN VERBODE ARTIKELS**

4.5.1 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige item wat aan 'n leerder behoort nie; dus word waardevolle artikels op die leerder se eie risiko asook dié van sy ouers/voogde skool toe gebring.

4.5.2 Verbode artikels:

- Aanstootlike en diskriminerende media insluitend gedrukte, klank en elektroniese media
- Wapens van enige aard, insluitend, maar nie beperk tot vuurwapens, messe, kettings, rekkers ("ketties"), "tazers" en pepersproei nie
- Plofstowwe en brandbare items en middels
- Vuurhoutjies, sigaretaanstekers, tabakprodukte, e-sigarette en alkohol
- Enige onwettige middel / verbode middel.
- Stinkbomme of enige ander item wat algemene ongerief kan veroorsaak

4.5.3 Indien 'n leerder om 'n bepaalde rede (bv. 'n mondelinges) verbode middels soos genoem in 4.5.2 skool toe wil bring, moet skriftelike verlof vooraf verkry word by die graadvoog. Laasgenoemde sal bepaal onder welke omstandighede sodanige items skool toe gebring en bestuur moet word op die skoolterrein.

#### 4.5.4 INTERAKTIEWE MULTIMEDIA ELEKTRONIESE APPARATE

4.5.4.1 Mag gedurende akademiese periodes vir opvoedingsdoeleindes gebruik word met die uitdruklike toestemming en onder toesig van die opvoeder in beheer van daardie klas.

Wanneer 'n leerder die apparaat gebruik sonder die toestemming van die opvoeder, sal laasgenoemde versoek dat hierdie apparaat afgeskakel en op die opvoedertafel geplaas word.

Die opvoeder sal die apparaat in 'n koevert met die leerder se naam daarop plaas en dit inhandig by die bestuursekretaresse vir veilige bewaring.

Die leerder sal die volgende dag na skool die apparaat by die bestuursekretaresse moet gaan haal en hy/sy sal vyf strafpunte kry.

Met 'n tweede of verdere oortredings sal die apparaat by die skool gehou word en slegs teruggegee word aan die wettige ouer/voog van die betrokke leerder sodra die ouer of voog dit persoonlik kom afhaal en daarvoor teken by die bestuursekretaresse.

4.5.4.2 Mag nie gebruik word gedurende periodewisseling, skoolfunksies of saalbyeenkoms nie. Indien wel, sal dieselfde prosedure geld as in 4.5.4.1.

#### 4.6 KENNISGEWINGS

Geen omsendbrief, pamflet, kennisgewing, biljet of enigiets van dergelike aard mag sonder die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde se toestemming op die skoolterrein versprei of op 'n kennisgewingbord aangebring word nie.

#### 4.7 SKOOLEIENDOM

4.7.1 Geen skooleiendom mag beskadig, bemors of verwyder word nie.

4.7.2 Skoolsakke word nie op lessenaars of vensterbanke geplaas nie en word só gedra dat dit nie die oppervlak van mure, deure, deurkosyne en kaste beskadig nie. **In geval van verlies of beskadiging van enige skooleiendom sal vervangingskoste of skadevergoeding van die leerder se ouers verhaal word.**

#### 4.8 SKOOL- EN KLASBYWONING

4.8.1 Vir afwesigheid tydens toetse, eksamens en deurlopende assessering word 'n mediese sertifikaat vereis.

4.8.2 Indien 'n leerder laat is, moet hy/sy by die administratiewe kantoor aanmeld met 'n aanvaarbare verskoning vir die laatkommery.

4.8.3 Leerders wat nie teenwoordig is tydens adminperiode nie, sal afwesig gemerk word en 'n sms word aan die ouers/voogde gestuur ongeag of daar vooraf reëlings getref is of nie.

4.8.4 Die skoolowerheid mag nie toestemming verleen aan leerders om gedurende die dag die skoolterrein te verlaat nie. Sou 'n ouer/voog sy/haar kind gedurende die skooldag wil onttrek, moet die skool skriftelik verwittig word en die kommunikasie moet aan die betrokke graadvoog gerig word.

Leerders moet uitteken by al hul vakonderwysers op die voorgeskrewe vorm wat by die administratiewe kantoor getoon moet word. Die leerder sal in die sorg van die ouer/voog gelaat word.

Indien 'n leerder gedurende die skooldag begin sleg voel, moet hy/sy by die betrokke graadvoog aanmeld en die skool sal die ouer/voog skakel. Daarna volg die normale uittekenprosedure. Noodgevalle sal deur die graadvoog of 'n bestuurslid hanteer word.

Die leerder verlaat altyd die skoolterrein op eie risiko.

#### **4.9 VOERTUIE**

##### **4.9.1 Fietse**

- Fietse word op eie risiko op die terrein parkeer.
- Toegang tot die terrein is beperk tot die hoofhek in Mountain Viewrylaan.
- Fietse mag nie op die skoolterrein gery word nie.
- Fietse word te alle tye in fietsrakke geplaas en behoort gesluit te word.
- Geen leerder word tydens die skooldag tussen die fietse toegelaat nie.

##### **4.9.2 Motorfietse**

- Sluitkassies kan gehuur word. Leerders sluit valhelms (wat op eie risiko gestoor word) met hul eie slotte vas.
- Motorfietse mag slegs op aangewese parkeerareas geparkeer word.
- Motorfietse word op eie risiko gery en geparkeer.
- Leerders mag nie motorfietse op die skoolterrein ry nie.

##### **4.9.3 Motors**

- Geen leerder mag 'n motor op die skoolterrein parkeer of bestuur nie.

##### **4.9.4 Skaatse**

- Geen vorm van skaatse of skaatsplanke word op die skoolterrein toegelaat nie.

#### **4.10 BUITEMUURS**

4.10.1 Versuim om vir 'n aktiwiteit aan te meld, word in 'n ernstige lig beskou.

4.10.2 Die drag, soos voorgeskryf vir die onderskeie aktiwiteite, is verpligtend. Provinsiale sweetpakke en streeksweetpakke ten opsigte van die betrokke sportsoorte is ook toelaatbaar.

4.10.3 Geen sporttoerusting wat aan die skool behoort, mag buite skoolure op die skoolterrein of elders gebruik word sonder die toestemming van die onderwyser in beheer daarvan nie.

4.10.4 Die speel van gholf en nie-skoolsportsoorte op die sportvelde is verbode.

4.10.5 Leerders wat die tennisbane gebruik, moet tennisdrag en die korrekte skoene aanhê.

4.10.6 Leerders mag nie die krieketkolfblad sonder toesig van 'n onderwyser gebruik nie.

4.10.7 Geen vereniging, klub of groep mag gestig of ontbind word sonder die goedkeuring van die skoolhoof nie.

#### **5. TUGSISTEEM**

Indien 'n oortreding begaan word en die bewys daarvoor bestaan, sal daar volgens die skool se interne tugsisteem teenoor leerders opgetree word. Die oortredings word in die volgende kategorieë op die aanmeldingsvorm aangetref:

## **GEDRAGSOORTREDINGS**

### **KATEGORIE 1 (5 strafpunte per oortreding)**

#### **Oortredings**

- 1.1 Herhaaldelik laat vir skool/klas/nie-akademiese periodes (2)
- 1.2 Herhaaldelike akademiese oortredings (3)
- 1.3 Herhaaldelik geen strokies of afwesigheidsbriewe ingelewer nie (2)
- 1.4 Selfoon oortredings
- 1.5 Steeds onbevredigende voorkoms na voorafgaande waarskuwing
- 1.6 Oortreding van terreinbeperkings

#### **Proses**

- Hierdie oortredings word aangeteken op die oortredingsvorm en geteken deur beide die opvoeder en die leerder.
- Dit is die opvoeder se verantwoordelikheid om die voltooide vorm aan die administratiewe sekretaresse te gee.
- Die oortreding word elektronies aangeteken en die oorspronklike vorm word aan die betrokke graadvoogde vir rekorddoeleindes gegee.
- Opvoeder moet bewys/rekord hou van vooraf waarskuwings.
- Graadvoogde sal gereelde laatkommers met ouers opvolg.

### **KATEGORIE 2 (10 strafpunte per oortreding)**

#### **Oortredings**

- 2.1 Oneerlikheid
- 2.2 Disrespek
- 2.3 Onvanpaste gedrag
- 2.4 Gebruik van beledigende of vuiltaal
- 2.5 Onregmatige uitdaging van gesag
- 2.6 Rommelstrooiery
- 2.7 Onvanpaste kubergedrag

#### **Proses**

- Hierdie oortredings word deur die graadvoog hanteer.
- Oneerlikheid tydens formele assessering sal deur die SAIC (akademiese kantoor) hanteer word.

### **KATEGORIE 3 (10 strafpunte en gemeenskapsdiens per oortreding)**

#### **Oortredings**

- 3.1 Rook/in die teenwoordigheid van rokers/poging tot rook/besit van rookmateriaal
- 3.2 Afwesig sonder verlof
- 3.3 Vandalisme
- 3.4 Rassisme
- 3.5 Viktimisasie/ intimidasie/afknouery (verbaal, fisiek of emosioneel)

## **Proses**

- Hierdie oortredings word deur die graadvoog of deur 'n meer senior bestuurslid hanteer.
- 'n Leerder wat gevang word vir rook op die skoolterrein, of terwyl hy/sy die skool verteenwoordig of in skooldrag geklee is, sal 10 strafpunte kry en gemeenskapsdiens opgelê word.
- 'n Leerder wat detensie of gemeenskapsdiens twee maal sonder 'n geldige verskoning mis, word verwys vir 'n interne dissiplinêre verhoor.
- Die ouer/voog is verantwoordelik vir die koste vir herstel van enige skade aangerig.

## **KATEGORIE 4 (20 strafpunte per oortreding)**

### **Oortredings**

- 4.1 Diefstal
- 4.2 Misbruik/gebruik/verspreiding van/handel in en besit van alkohol/steroïde/opkickers/ verbode middels
- 4.3 Kriminele oortreding
- 4.4 Erge vandalisme
- 4.5 Enige rituele/aktiwiteite wat erge skade aan enige ander persoon, die skool se eiendom of die skool se goeie naam tot gevolg het
- 4.6 Die besit van wapens wat ernstige liggaamlike skade kan veroorsaak, insluitend maar nie beperk tot vuurwapens, klappers en jagmesse nie
- 4.7 Onvanpaste seksuele gedrag/immorele gedrag/seksuele teistering
- 4.8 Aanranding (fisiek en verbaal)
- 4.9 Erge vorme van rassisme
- 4.10 Erge vorme van viktimisasie en intimidasie
- 4.11 Herhaalde aggressiewe en/of afwykende gedrag
- 4.12 Miskenning van die gedragskode
- 4.13 Kuberwangedrag

### **Proses**

- Hierdie oortredings word deur die graadvoog in samewerking met 'n senior bestuurslid hanteer. 'n Volledige ondersoek moet gedoen word en die ouers moet so spoedig moontlik ingelig word van die beweerde oortreding.
- Die skoolhoof of sy verteenwoordiger mag die saak na 'n interne dissiplinêre verhoor of na die tribunaal van die beheerliggaam verwys vir oorweging aan die hand van die skolewet.
- Indien 'n dissiplinêre saak verwys word na die beheerliggaam, geld die prosedures soos voorgeskryf in Regulasie 5 van die Regulasies met betrekking tot dissiplinering, skorsing en uitsetting van leerders in die Wes-Kaap, soos gepubliseer in die Provinsiale Buitengewone Koerant van die Wes-Kaap, No. 6030 gedateer 15 Desember 2011:
  - i. skorsing (tydelike weiering aan leerder om skool by te woon) na 'n regverdigte verhoor.



- ii. uitsetting (permanente weiering aan leerder om skool by te woon deur die WKOD: Departementshoof) na 'n regverdige verhoor.

Die beheerliggaam het die gesag om by die WKOD aan te beveel dat 'n leerder vir 'n periode van 7 skooldae geskors word, indien, na 'n regverdige verhoor, die leerder skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding. Die beheerliggaam sal 'n spesiale komitee byeenroep waartydens die leerder en/of sy/haar ouers/voogde en/of hulle verteenwoordiger (wat 'n regspersoon insluit) 'n voorlegging mag maak aan die beheerliggaam. Die tribunaal van die beheerliggaam mag ook 'n leerder skors vir 7 dae as 'n voorkomende maatreël.

- iii. ernstige oortreding

'n Leerder is skuldig aan 'n ernstige oortreding indien hy/sy:

- skuldig bevind word aan 'n misdryf/kriminele oortreding;
- onder die invloed van drank of bedwelmende middels is terwyl hy op die skoolterrein is of tydens 'n skoolaktiwiteit of in besit daarvan is;
- hom/haar skuldig maak aan aanranding, diefstal of onsedelike gedrag, o.a. seksuele teistering;
- herhaaldelik sonder verlof van die skool en/of klasse afwesig is;
- hom/haar volgens die beheerliggaam onbehoorlik of onbetaamlik gedra het;
- die skool se gedragskode misken.

## **Tugprosedure**

### **1. Indien 15 strafpunte opgelê is:**

- Sms/e-pos aan ouers om hulle in te lig dat 'n tugrekord gestuur word.
- 'n Tugrekord word aan ouers gestuur met die versoek dat dit geteken word deur ouers/voogde en teruggestuur word skool toe.
- Ouers/voogde teken die vorm en stuur dit terug skool toe.
- Ouers/voogde word gewaarsku i.v.m. moontlike ontneming van voorregte (juniorbal, seniorbal, graaddae, civvie-dae, matriekafskied, dra van matriektops ens.).

### **2. Indien 20 strafpunte opgelê is:**

- Graadvoog skakel ouers.
- Die tugrekord word aan ouers/voogde gestuur met die versoek dat dit geteken word deur die ouers/voogde en teruggestuur word skool toe.
- Ouers onderteken die vorm en stuur dit terug.
- Leerdervoorregte mag ontnem word (juniorbal, seniorbal, graaddae, civvie-dae, matriekafskied, dra van matriektops ens.).

### **3. Indien 25 strafpunte opgelê is:**

- Geskrewe kommunikasie aan ouers/voogde.
- Ouers/voogde word ingelig dat leerder detensie en formele waarskuwing sal kry met verdere oortredings.
- Ouers onderteken vorm en stuur terug.

**4. Indien 30-35 strafpunte opgelê is:**

- Ouers en leerder woon 'n formele onderhoud met graadvoog by.
- 1ste formele waarskuwing.
- Detensie word opgelê teen leerder.

**5. Indien 35-40 strafpunte opgelê is:**

- Tugrekord word aan ouers gestuur met die versoek dat dit geteken word deur die ouers/voogde en teruggestuur word skool toe.
- Ouers/voogde word ingelig dat leerder 'n formele interne dissiplinêre gesprek sal moet bywoon met verdere oortredings.

**6. Indien 40+ strafpunte opgelê is:**

- Ouers/voogde en leerder woon interne dissiplinêre gesprek by.
- Tweede formele waarskuwing
- Sanksie soos opgelê tydens die gesprek.

**7. Verdere oortredings:**

- Optrede word deur die bestuur bepaal.

**8. Opskorting van voorregte**

Die volgende voorregte kan tydens 'n interne dissiplinêre gesprek ontnem word, hetsy tydelik of permanent, as deel van die dissiplinêre prosedure:

- dra van die matriektop,
- bywoning van sosiale funksies (kan ook matriekafskeid insluit),
- deelname aan civviedae,
- meedoen aan skooluitstappies.

**9. Leerders wat reeds skriftelike waarskuwings ontvang het in die vorige jaar:**

(Oortredings binne die eerste ses maande vanaf vorige waarskuwing)

**• Eerste formele waarskuwing:**

15 punte grasie

Ouers/voogde en leerder woon onderhoud met graadvoog by.

Detensie word teen leerder opgelê.

Tweede formele waarskuwing word uitgereik.

**• Tweede formele waarskuwing:**

15 punte grasie

Sms aan ouers om te sê tugrekord word gestuur.

Tugrekord aan ouers

Ouers onderteken en stuur terug.

Derde formele waarskuwing volg op verdere oortredings

- **Finale waarskuwing:**

Optrede word deur die bestuur bepaal.

## **6. ALGEMEEN**

### **6.1 Afwykende gedrag**

Anti-sosiale gedrag, herhaalde aggressiewe gedrag, onstabiele emosionele gedrag en ander gedragspatrone wat indruis teen die waardes en norme van die skool, kan na die bestuur/beheerliggaam verwys word vir verdere optrede, wat uitsetting kan insluit.

### **6.2 Optrede om die naam van die skool in oneer te bring**

Die skool behou die reg voor om op te tree teen 'n leerder wat die skool se naam skaad of in 'n slegte lig stel.

### **6.3 Die Interne Dissiplinêre Komitee kan bestaan uit:**

Die skoolhoof, adjunkhoofde, hoof: leerderondersteuning, 'n SR-lid (indien nodig), graadvoogde en/of 'n betrokke opvoeder.

### **6.4 VISENTERING EN BESLAGLEGGING**

As 'n vermoede bestaan dat 'n leerder in besit is van 'n verbode middel en/of 'n onregmatige/verbode/gevaarlike artikel, kan 'n aangewese persoon (mag die polisie of 'n gespesialiseerde sekuriteitsfirma insluit) die leerder se besittings en/of sluitkassie deursoek. Indien so 'n visentering nodig is, sal dit in die teenwoordigheid van die betrokke leerder, 'n persoon van sy/haar keuse en 'n tweede volwasse getuie plaasvind. Die ouers/voogde van die leerder sal ná afloop van die visentering van die voorval ingelig word.

### **6.5 Appél teen strafpunte**

Leerders mag binne 24 uur appelleer teen strafpunte wat teen hulle aangeteken is.

## **7. VERBODE MIDDELE BELEID**

Die doelwit van die skool se beleid is om te verklaar dat alle lede van die skoolgemeenskap (leerders, opvoeders, ouers, beheerliggaam) in woord en daad die ongepaste gebruik van alkohol en/of ander verbode middele afkeur. (Van hier hanteer onder die term 'misbruik'.)

Terwyl die skool die standpunt dat chemiese afhanklikheid 'n primêre chroniese en progressiewe werklikheid is, aanvaar, is dit ons mening dat middelemisbruik 'n onaanvaarbare praktyk is en dat 'n gesonde, middelevrye lewe te alle tye gepropageer en aangemoedig moet word.

Die skool het 'n verantwoordelikheid teenoor beide die middelemisbruiker en ander leerders. 'n Balans moet dus gehandhaaf word tussen bystand aan die middelemisbruiker en die beskerming van die regte en die welsyn van ander leerders.

Hierdie beleid is 'n eerlike poging om 'n leerder in krisis vroegtydig te identifiseer, en wil viktimisering vermy. Terwyl 'n patroon van aanwysers ondersoek sal word en toepaslik hanteer sal word, sal ongestaafde gerugte nie aanvaar word nie.

Nietemin, in gevalle waar die leerder en/of sy/haar ouers/voogde nie gebruik wil maak van die hulp wat aangebied word in ooreenstemming met hierdie beleid nie, sal die skool geen ander keuse hê nie as om enige nodige stappe te neem om die skool, en die regte van leerders te beskerm. Hierdie stappe mag skorsingprosedures en/of uitsetting of strafregtelike aanklagte insluit.

Die skool behou die reg om volgens hierdie beleid stappe te neem as 'n leerder verbode middele gebruik.

Geselekteerde personeellede, wat spesifieke opleiding ontvang het op die gebied van middelemisbruik, sal dwelmverwante ondersoek hanteer en ander kenners en kundiges inroep indien nodig.

Elke geval sal konfidensieel hanteer word. Ouers/voogde sal ingelig word en daar sal van hulle verwag word om sover moontlik betrokke te wees. Ouers/voogde sal verantwoordelik wees vir enige onkoste aangeaan tydens 'n middeleverwante insident (assessering, behandeling, terapie, rehabilitasie ens.), tensy alternatiewe reëlins met die skool getref is.

Skoolbeleid is gekant teen beide die ongepaste gebruik van wettige middele en die besit of gebruik van onwettige middele. Hierdie beleid geld:

- op die skoolgronde, of in die nabye omgewing van die skoolterrein;
- op skooluitstappies, skooltoere of enige skoolfunksie ongeag of die leerder 'n skooluniform dra of nie;
- wanneer ookal 'n leerder geïdentifiseer kan word as 'n lid van die skoolgemeenskap;
- wanneer dit die leerder of sy/haar skoollewe enigsins affekteer.

### 7.1 **Standpunteensetting**

Die skool laat:

- leerders nie toe om verbode middele te gebruik nie;
- nie die ongehoorde gebruik (afwyking van soos bepaal deur vervaardiger/apteker/mediese dokter) van voorgeskrewe of nie-voorgeskrewe middele/medikasie toe nie;
- nie die ongehoorde gebruik van oplosmiddels, snuifmiddels, en/of ander chemiese middels toe nie;
- nie toe dat alkoholiese drank op die terrein gebring en/of gebruik word nie;
- nie toe dat tabak en ander middele gerook word nie;
- nie toe dat leerders dwelmverwante bybehore (sigaretpapier, pype ens.) in hulle besit het nie;
- nie enige vorm van wangedrag, wat spruit uit die gebruik van alkohol en/of ander middele, toe nie.

Die gevolge van die oortreding van hierdie vereistes kan insluit, maar (afhangende van individuele omstandighede), is nie beperk tot een of almal van die volgende nie:

- dissiplinêre verhoor;
- die opstel van 'n kontrak tussen al die betrokke partye (leerder, ouers en skool);
- gepaste dissiplinêre aksie en/of rehabilitasie;
- skorsing en/of uitsetting van die leerder.

## 7.2 Definisies

### Dwelms:

Enige middel wat die manier waarop die liggaam en/of brein funksioneer, verander. Dit sluit in, maar word nie beperk tot die volgende nie:

- wettige, voorgeskrewe oor-die-toonbank medikasie wat anders gebruik word as soos bepaal deur die vervaardiger/apteker/mediese dokter. Dit sluit in maar is nie beperk tot dosis en metode van aanwending nie.
- tabak en alkohol
- oplosmiddels, petrol, chemiese middels
- middels, soos alkohol, opiate, methaqualone, dagga (cannabis), amfetamien, metamfetamien ens.

### Handeldryf:

Die verkoop, uitruil, omruil, voorsiening, verspreiding, handeldryf in bogenoemde middels

## 7.3 Voorkoming

### Die skool onderneem om:

- inligting en opleiding aan onderwysers en leerders beskikbaar te stel;
- organisasies en individue van buite, wat deur die bestuur van die skool goedgekeur is, te betrek;
- die totstandkoming van positiewe portuurgroepe te ondersteun;
- 'n gesonde, dwelmvrye lewe deur woord en daad te ondersteun.

## 7.4 Toetsing

Wanneer 'n senior onderwyser vermoed dat 'n leerder onder die invloed van 'n verbode middel is en/of gebruik, mag die leerder na 'n aangestelde persoon vir 'n urine-toets gestuur word. Ouers sal in kennis gestel word indien dit plaasgevind het.

## 7.5 Handeldryf en/of Besit:

Indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n leerder in besit is van of handeldryf met verbode middele, sal die volgende aksies, ongeag die hoeveelheid betrokke, in die teenwoordigheid van ten minste een getuie geskied:

- Die leerder sal so gou moontlik ingeroep word en van sy/haar wetlike regte van verteenwoordiging ingelig word.
- Die leerder sal van die bewyse ingelig en 'n redelike kans gegun word om sy/haar saak te stel.
- Indien die leerder skuld erken sal hy/sy versoek word om die onwettige middel te oorhandig.
- Ongeag of die leerder skuld erken of nie, sal die ouers so gou moontlik ingelig word.
- Indien die leerder skuld ontken, maar die vermoede steeds bestaan dat die leerder skuldig is, sal die leerder sowel as sy ouers vyf werkdade skriftelike kennisgewing kry van 'n dissiplinêre gesprek deur die beheerliggaam.

- Indien die leerder by die dissiplinêre verhoor skuldig bevind word, het die beheerliggaam die opsie om, afhangend van die erns van die situasie, die leerder of sewe dae lank te skors of om uitsetting by die WKOD aan te beveel.
- Normale regte tot appèl sal vir die beheerliggaam sowel as die WKOD se besluit geld.
- Alle bewyse kan aan die relevante polisie-owerhede vir verdere ondersoeke, wat kriminele vervolging mag insluit, oorhandig word.
- Die skool behou die reg om die SAPD by enige aangeleentheid rakende misdaad, gevaarlike/verbode wapens en middele te betrek en in hul hande te laat.

Indien 'n leerder enige van bogenoemde stipulasies verbreek of indien 'n leerder positief toets vir enige onwettige middel, kan 'n dissiplinêre verhoor deur die beheerliggaam volg. Uitsetting kan aanbeveel word aan die WKOD. Normale regte van appèl geld vir beide die beheerliggaam, of WKOD-besluit.

### 7.6 **Steroïde en verbode opkickers:**

Sal volgens die verbode middele beleid hanteer word. Die riglyne van “South African Institute for a Drugfree Sport” (SAIDS) sal gevolg word.

## 8. **SEKSUELE TEISTERING**

Seksuele teistering kan gedefiniëer word as:

- enige onwelkome, suggestiewe aanmerkings of fisiese daade, kontak/elektroniese kommunikasie wat negatief deur die ontvanger ervaar kan word;
- enige herhaaldelike en/of onwelkome seksuele toenadering wat wissel van suggestiewe loerdery, ontbloting, verbale versoeke of aanbieding van seksuele gunste tot dreigemente;
- enige eksplisiete seksuele stelling, houdings of fisiese daade, kontak/elektroniese kommunikasie wat onaanvaarbaar is vir die ontvanger.

Die skool is gekant teen enige vorm van seksuele teistering en sal toepaslike aksie neem wanneer in kennis gestel word van 'n moontlike oortreding.

Alle leerders en personeellede het die reg om met waardigheid en respek behandel te word.

### **Optrede:**

- Enige aantyging betreffende seksuele teistering sal ondersoek word.
- Aantygings van seksuele teistering sal sensitief hanteer word.
- Die slagoffer van seksuele teistering het die reg om in sy/haar privaat hoedanigheid kriminele en/of siviele klagtes teen die vermeende skuldige te lê.
- 'n Aantying kan by enige personeellid aangemeld word, wat die aangeleentheid d.m.v. vorm-22 aanmeld.
- Die personeellid stel die skoolhoof in kennis van die aanmelding.
- Die skoolhoof hoor die aangemelde aantyging aan.
- Die skoolhoof verwys die aangeleentheid na die dissiplinêre komitee (wanneer slegs leerders betrokke is) en/of die Departement van Arbeidsverhouding (wanneer 'n leerder en opvoeder betrokke is) vir verdere optrede.

- Skuldigbevinding van seksuele teistering kan lei tot skorsing en/of 'n aanbeveling tot uitsetting.
- Die skool behou die reg voor om die SAPD, Badisa en/of die WKOD by enige aangeleentheid rakende seksuele teistering/misdaad te betrek en in hul hande te laat.

## 9. MIV EN VIGSBELEID

Die onderstaande beleid is die amptelike beleid ten opsigte van VIGS soos goedgekeur deur die beheerliggaam.

Dit sal met die ander beleidsdokumente deel van die gedragskode van die skool vorm.

Die beleid erken elke individu se reg op gelykheid en sy reg op basiese onderwys.

- Geen leerder sal toegang tot die skool geweier word op grond van sy MIV-status nie.
- Daar sal teen geen leerder op grond van sy MIV-status gediskrimineer word nie.
- Daar sal van geen leerder verwag word om sy status te openbaar nie. Indien die ouer(s) en/of leerder self die inligting verstrek, sal dit vertroulik hanteer word.
- Die skool eerbiedig die voorskrif van die nasionale beleid oor die bestuur van VIGS en sal van geen leerder vereis om hom/haar vir die siekte te laat toets nie.

### Voorkoming van MIV-oordrag

- Alle bloed en liggaamsvloeistowwe moet hanteer word asof dit met MIV besmet is.
- Waar oop wonde behandel word, moet die persoon wat hulp verleen latex-handskoene dra.
- Oppervlaktes wat met bloed besmet is, moet met 'n bleikmiddeloplossing gewas word.
- Alle wonde moet met 'n ontsmettingsmiddel skoongemaak word en met 'n bedekking verseël word.
- Latex-handskoene sal in elke klaskamer beskikbaar wees en die betrokke partye sal ingelig wees oor die berging.
- 'n Volledige noodhulpstel sal beskikbaar wees.

## 10. TIENERSWANGERSKAP

Die bestuur en beheerliggaam van Hoërskool Stellenberg is ten sterkste gekant teen seksuele aktiwiteite en swangerskap onder leerders.

Tienerswangerskappe word hanteer volgens WKOD-beleid wat insluit dat:

- die WKOD in kennis gestel word;
- die beheerliggaam in kennis gestel word;
- 'n ooreenkoms tussen die skool, leerder en ouers/voogde onderteken word.

**11. DIE HANDVES VAN MENSEREGTE** soos opgestel deur die Menseregtekommissie, word deur die gedragskode erken.

## 12. SOSIALE MEDIA

**Sosiale media** is die versameling van aanlynkommunikasiekanale toegewy aan gemeenskapsgebaseerde insette, interaksie, inhouddeling en samewerking.

**Die volgende dade van sosiale media wangedrag word verbied:**

- Die publikasie, verspreiding en herverdeling van inhoud wat konflik kan veroorsaak, neerhalend, vernederend, aanstootlik of beledigend is en skade aan die Stellenberg skoolgemeenskap kan veroorsaak. Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk nie tot items wat rassisties, lasterlik, seksisties of pornografies van aard is.
- Enige persoon wat skuldig bevind word aan sulke wangedrag is onderhewig aan dissiplinêre en/of regsaksie. Afhangende van die aard van die item(s) wat gepubliseer word, mag die wangedrag beskou word as growwe wangedrag.

### **13. AFKNOUERY OF BULLEBAKKERY**

**Afknouery** is herhalende ongewenste, aggressiewe gedrag wat 'n werklike of vermeende mags wanbalans behels.

**Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk tot:**

- terg;
- sosiale uitsluiting;
- bedreiging;
- intimidasie;
- bekruipery;
- fisieke geweld;
- diefstal;
- seksuele, godsdienstige of rasseteistering;
- vernedering;
- vernietiging en beskadiging van eiendom;
- teistering.

In terme van die skool se gedragskode kan afknouery growwe wangedrag uitmaak.

### **14. Wysiging van beleid**

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.